Education and Sport Development
Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sportontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko
NORTH WEST PROVINCE

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

## SEPTEMBER 2015

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 24 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Moenie die hele vraestel deurlees nie.

2. Gebruik die inhoudsopgawe om jou met jou keuses te help.

3. Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A : Roman | (35) | |
| AFDELING B : Drama | (35) | |
| AFDELING C : Kortverhale | (35) | Doen ALTWEE kortverhale indien jy hierdie afdeling behandel het. |
| AFDELING D : Gedigte | (35) | Doen ALTWEE gedigte indien jy hierdie afdeling behandel het. |

   Kies die TWEE afdelings wat jy behandel het.

4. Lees die inhoudsopgawe op bladsy 3 en dui die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas behandel het, aan.

5. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

7. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

8. Voorgestelde tydsindeling: Ongeveer 60 minute per afdeling.

9. Antwoorde moet in Standaardafrikaans beantwoord word en nie in 'n ander taal nie.

10. Gebruik die kontrolelys op bladsy 4 om jou met jou keuses en die aantal vrae te help.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## INHOUDSOPGAWE

Kies TWEE afdelings.

**AFDELING A: ROMAN**

| VRAAGNOMMER | | VRAAG | PUNTE | BLADSYNOMMER |
|---|---|---|---|---|
| 1. | *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* | Kontekstuele vraag | 35 | 5 |

**OF**

**AFDELING B: DRAMA**
Beantwoord net EEN vraag.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 2. | *Poppie, die drama* | Kontekstuele vraag | 35 | 9 |
| | | **OF** | | |
| 3. | *Paljas* | Kontekstuele vraag | 35 | 12 |

**OF**

**AFDELING C: KORTVERHALE**
Beantwoord ALTWEE vrae.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 4. | Baby | Kontekstuele vraag | 18 | 15 |
| | | **EN** | | |
| 5. | Die storie van Piet se oupa | Kontekstuele vraag | 17 | 18 |

**OF**

**AFDELING D: GEDIGTE**
Beantwoord ALTWEE gedigte.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 6. | "Things that go bump in the night" | Kontekstuele vraag | 18 | 20 |
| | | **EN** | | |
| 7. | Woorde | Kontekstuele vraag | 17 | 22 |

**KONTROLELYS**

**Kandidate moet die kontrolelys gebruik om te verseker dat die voldoende aantal vrae beantwoord is.**

| AFDELING | VRAAGNOMMERS | GETAL VRAE BEANTWOORD | DUI AAN (✓) |
|---|---|---|---|
| **A: Roman** | 1 | 1 | |
| | **OF** | | |
| **B: Drama** | 2 OF 3 | 1 | |
| | **OF** | | |
| **C: Kortverhale** | 4–5 | 2 | |
| | **OF** | | |
| **D: Gedigte** | 6 –7 | 2 | |
| **LET WEL: Maak seker dat jy slegs vrae oor TWEE afdelings beantwoord het.** | | | |

## AFDELING A: ROMAN

## VRAAG 1: KONTEKSTUELE VRAAG

***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

"Maar dis nie … dit kan tog nie …dis mos heeltemal te vroeg?" stotter Beyers, sy gesig doodsbleek.

"Hanna is ook 'n paar weke te vroeg gebore," sê Mana terwyl sy weer stadig regop sit.

"As ek dít geweet het," roep Beyers uit, "het ek nóóit hier op die berg kom vakansie hou nie!"

"Ek het nie geweet ons gaan vasgereën word nie, Bey. Ek het gedog as iets gebeur, sal ek wel betyds by 'n hospitaal kan uitkom …"

"En nou?" Beyers hap na lug soos een wat besig is om te verdrink. Ek het hom nog nooit so paniekerig sien lyk nie. "Wat nóú?"

"Wel, dit lyk nie of hierdie babatjie in 'n hospitaal gebore gaan word nie," sê my ma met 'n dapper glimlag.

"Maar waar … wat gaan ons … wat gaan gebeur?" stotter Tibo, amper so bleek soos Beyers.

"Dis te vroeg!" kerm Beyers.

"Hanna was 'n gesonde baba, Bey, al het sy te vroeg opgedaag. Ek weet nie, miskien het ek my misgis met die datum. Jy weet hoe sleg is ek met datums …"

Beyers staar na haar met verwilderde oë.

"Ek sal jou help, Mana," sê Margot en staan op om my ma se skouers te kom masseer.

1.1 Hoe het die omstandighede van Ditjie se geboorte van die omstandighede van Hanna se geboorte verskil? (2)

1.2 Mana noem die vakansie op die berg 'n "wittebrood".

1.2.1 Was die gesin se vakansie 'n regte wittebrood? Antwoord JA of NEE en motiveer jou antwoord. (1)

1.2.2 Die wittebrood was op die ou end voordelig vir die gesin.

Motiveer waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

1.3 Haal EEN woord uit die gedeelte aan wat verband hou met die name wat die gesin vir Ditjie oorweeg. (1)

1.4 Plaas die volgende gebeure in die verhaal in die KORREKTE volgorde. Skryf slegs die vraagnommer en die letters in die regte volgorde. Skryf al DRIE letters (A–C) neer.

A Die gesin eet Gavin se afskeidsmaal.
B Margot lees haar Tarot-kaarte vir die kinders.
C Die gesin hou 'n koolstoofkonsert. (3)

1.5 Kies die gedrag van die karakter tydens Ditjie se geboorte uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.5.1 | Yann | A | Sit in die kar en luister musiek. |
| 1.5.2 | Gavin | B | Fluister aanhoudend in Mana se oor. |
| 1.5.3 | Beyers | C | Eet al die oorskietkos in al die borde op. |
| | | D | Gedra hom soos ‘n senuweeagtige pa in ‘n outydse fliek. |

(3 x 1)(3)

1.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (1.6) en die letter (A–D) neer, bv. 1.6 E.

Margot het die situasie tydens Ditjie se geboorte uitstekend hanteer as gevolg van haar …

A ondervinding as aktrise.
B verpleegondervinding.
C ondervinding as ouer.
D vroulike intuïsie. (1)

1.7 Waarom het jy simpatie met kinders soos Tibo wat met behulp van kunsmatige inseminasie “vervaardig is”? (1)

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

En op hierdie oomblik, terwyl Margot met ‘n laaste koninklike wuif in die helikopter klim, glo ek wat ek sê. Vir die eerste keer in my lewe, liewe leser, *glo* ek dat ek rêrig ‘n roman gaan publiseer. Binne tien jaar.

“Ek gaan haar mis,” sug Gavin toe die helikopter met ‘n winderige lawaai opstyg.

“Ek ook,” sug ek.

Sharon kyk verras na my.

“Lyk my ou Hanna Heks is toe ook betower,” terg sy.

“My naam is nie Hanna Heks nie,” sê ek met my neus in die lug. “Ook nie Hanna Hoekom nie. Van nou af kan julle my Fabulous Fabienne noem.”

“So ‘n bekkie moet mos botter kry,” sê Gavin en drapeer sy arm oor my skouer.

Miskien verbeel ek my. Maar ek kan sweer hy kyk met vaderlike trots na my.

Dan sien hy dat Yann kop onderstebo na ‘n struik staan en skop, terwyl Amos met ‘n verwese uitdrukking oor Patat se wollerige lyf vryf, en hy klap sy hande vasberade saam.

“Hoe gaan daardie gesegde nou weer?” vra hy terwyl die helikopter al hoe kleiner word in die helderblou lug. “Die een van die kat wat weggaan?”

"As die kat weg is," sê Amos met 'n skewe kop, "is die muis baas?"
"O nee, dis gans te outyds!" roep Gavin kamstig geskok uit.

1.8 Skryf TWEE OPEENVOLGENDE woorde neer wat aandui dat almal wat die verhaal lees, direk aangespreek word. (1)

1.9 Waarom dink jy gebruik Hanna hierdie direkte aanspreekvorm? (1)

1.10 Hanna gaan haar lewensverhaal in die vorm van 'n roman skryf.

Noem EEN ander genre (tipe literatuur) waarmee sy ook probeer het om haar lewensverhaal te skryf. (1)

1.11 Wat gaan die volledige titel van Hanna se roman wees? (2)

1.12 Margot gaan die rol van 'n fassinerende aktrise in Hanna se roman speel.

Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.13 Verdien Hanna die naam "Hanna Heks"? (Reël 8) Antwoord JA of NEE en motiveer jou antwoord. (1)

1.14 Noem TWEE maniere waarop Margot vir Hanna betower het. (Reël 8) (2)

1.15 Voltooi die volgende gedeelte deur telkens net EEN ontbrekende WOORD in te vul. Skryf net die vraagnommer (1.15.1–1.15.2) en die ontbrekende woord neer.

Hanna se alter ego, Fabienne, is vir Hanna "fabulous" omdat sy fantastiese (1.15.1) … het. Op die ou end voel Hanna ook soos "Fabulous Fabienne" (Reël 11–12) omdat sy geleer het om haarself, haar gesin en haar omstandighede te (1.15.2) … (2)

1.16 Waarom dink jy het …

1.16.1 Gavin rede om trots te wees op Hanna? (Reël 14–15) (1)

1.16.2 Hanna rede om trots te wees op Gavin? (1)

1.17 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (1.17) en die antwoord neer.

Margot is met die helikopter op pad na Johannesburg om ('n rol in 'n plaaslike TV-reeks te vertolk/in 'n fliek op te tree/in 'n Amerikaanse TV-program op te tree.) (1)

1.18 Waarom staan Yann kop onderstebo en lyk Amos verwese? (Reëls 16–17) (1)

Kopiereg voorbehou 

1.19 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (1.19) en die letter (A–D) neer, bv. 1.19 E.

Yann en Gavin voltooi die uitdrukking "As die kat weg is …" met die woorde …

A "… doen die muis alles wat lekker is."
B "… eet die muis al die kaas."
C "… is daar geen base, net klase."
D "… kyk die muise na mekaar en sê: 'Let's party!' " (1)

1.20 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer (1.20.1–1.20.4) en die antwoord neer.

| partytjie; broer; suster; pa; diskodans; ma; begrafnis; tango |
|---|

Nadat die helikopter vertrek het, doen Gavin, wat selfs lewe in 'n (1.20.1) … kan blaas, 'n (1.20.2) … op die kombuistafel. Terwyl Hanna vir Gavin kyk, besluit sy om 'n storie oor 'n gemiddelde, vaal meisiekind met 'n onwaarskynlike (1.20.3) … en 'n selfs meer onwaarskynlike (1.20.4) … te skryf. (4)

1.21 Gavin is nie altyd 'n voorbeeldige ouer nie.

Dink jy ouers moet áltyd voorbeeldig optree? Antwoord JA of NEE en motiveer jou antwoord. (1)

1.22 Watter volwassene in die verhaal is volgens jou die beste rolmodel vir die kinders? Motiveer jou antwoord. (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

**OF**

**AFDELING B: DRAMA**

**VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG**

***POPPIE, DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

STONE. Hy het nie baklei nie, net met sy dooie gewig hom teengesit. Hoendervere het in sy hare bly steek en hy het geproes om die dons wat uit die hoenders loskom, uit sy neus en sy mond te kry. Hy het gespoeg en gevloek.

MOSIE (*vorentoe*). Dit was vir die kinders lekker om te sien hoe hardloop die grootmense vir die poeliesse weg. Jakkie het so gelag vir bhuti Plank toe die soldate hom uit die hoenderhok uithaal waar hy wegkruip.

*Jakkie en kinders begin lag; boots bhuti Plank na.*

POPPIE (*swaai haar om na die laggende kinders; aan Jakkie*). Hou op met lag! Ek slaat jou dat jy vrek! (*Draai terug na gehoor.*) Dit was anders as die lag toe ons jonk was vir oompie Pengi wat dronk is.

2.1 Hoekom kruip Plank in die bostaande uittreksel in die hoenderhok weg? (Reël 6–7) (2)

2.2 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (2.2) en die antwoord neer.

Dit was vir die kinders lekker om te sien hoe die grootmense vir die polisie weghardloop, want (hulle het respek vir die polisie verloor/hulle verstaan nie wat werklik besig is om te gebeur nie). (1)

2.3 Wie is Jakkie? (1)

2.4 Waarom word Jakkie later deur die polisie gearresteer toe hy saam met die ander kinders "march"? (1)

2.5 Op 'n latere stadium in die drama word Plank deur die kinders geslaan terwyl Jakkie hom vashou. Verduidelik hoekom Plank geslaan is. (2)

2.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (2.6) en die letter (A–D) neer, bv. 2.6 E.

Poppie is baie kwaad oor die feit dat die kinders en ook Jakkie lag terwyl hulle vir Plank slaan. Sy sê dat dit anders was as toe hulle kinders was en vir oompie Pengi gelag het, omdat ...

A ouma Hannie hulle geslaan het as hulle gelag het.
B oompie Pengi altyd dronk was.
C hulle dit net as 'n grap beskou het.
D die kinders hulle respek vir die ouer mense verloor het. (1)

2.7 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (2.7) en die letter (A–D) neer, bv. 2.7 E.

As die polisie en die mense van die paskantoor die lokasie binnekom om die mense te vang, het die kinders geskree "umgqomo" wat beteken ...

A pick-up.
B petroldrom.
C vangwa.
D nylon. (1)

2.8 Wat doen die kinders as die polisie en die mense van die paskantoor die mense in die lokasie vang of arresteer? (1)

2.9 Hoekom kon die polisie nie die kinders arresteer nie? (1)

2.10 Kies elke keer 'n karakter uit KOLOM B om by die inligting in KOLOM A te pas. Skryf net die vraagnommer (2.10.1–2.10.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.10.1 | Poppie wou hom nie aanvaar nie | A | Mnr. Swanepoel |
| 2.10.2 | Poppie se kleinkind | B | Mnr. Green |
| 2.10.3 | Mosie se werkgewer | C | Nomvula |
| 2.10.4 | Help om uiteindelik Poppie se pas reg te maak | D | Mbatane |
| | | E | Vukile |

(4 x 1)(4)

2.11 Plaas die volgende gebeure in die KORREKTE volgorde, soos wat dit in die drama plaasvind. Skryf net die vraagnommer en die letters in die regte volgorde neer. Skryf al VIER letters (A–D) neer.

A Poppie en haar kinders trek na Mdantsane toe.
B Poppie se familie trek Upington toe.
C Poppie se familie trek Kaap toe.
D Poppie se familie trek Lambertsbaai toe. (4)

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

MOSIE. Poppie is met die trein na Herschel om die meisiekinders na Stone se ouers op die land te neem, en toe is sy verder na Mdantsane om die huis te verhuur en te reël dat Bonsile by die huismense inwoon. En daar was nog iets waaroor sy met hom moes praat.
POPPIE. Bonsile, jy moet die kind na my laat bring wat gebore is toe ons in die Kaap was vir die begrafnis. Dis bloed van my bloed en ek het die kind nog nie gesien nie.

2.12 Waarom word die kinders na Herschel en Mdantsane geneem? (2)

Kopiereg voorbehou

2.13 Poppie moet haar kinders wegstuur.
Wat sou jy doen as jy in Poppie se situasie was? (1)

2.14 Op hierdie stadium het Poppie vyf kinders. Verduidelik waarheen ...

2.14.1 Nomvula en Thandi geneem is. (1)

2.14.2 die jongste twee seuntjies, Kindjie en Fezi, geneem is. (1)

2.15 Wie is die "kind" na wie daar in reël 5 verwys word? (1)

2.16 Poppie sien vir twee jaar nie haar kinders nie en toe sy weer die kind (Reël 5) sien, dink sy dat die kind "agterlik" is.

Dink jy dat dit reg van Poppie is om so oor die kind te voel? Motiveer jou antwoord. (1)

2.17 Sy besluit om die kind saam te neem Kaap toe en sy los haar eie kind, Fezi, by Bonsile in Mdantsane.

Wat sou jy in die situasie gedoen het? (1)

2.18 As jy dink aan wat later met hierdie kind (Reël 5) gebeur, dink jy dat Poppie die regte besluit geneem het?

Motiveer jou antwoord. (1)

2.19 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (2.19) en die letter (A–D) neer, bv. 2.19 E.

Mev. Swanepoel sê dat sy van die manier hou waarop Poppie werk en dat sy baie netjies is en seker by witmense grootgeword het.

Hierdie stelling van mev. Swanepoel kan as ... gesien word.

A seksisties
B rassisties
C opbouend
D veroordelend (1)

2.20 Die moeilikheid wat in 1976 vanaf Soweto na die Kaap gekom het, het in Soweto begin as 'n opstand teen die drank wat die ouers misbruik het en wat daartoe gelei het dat die kinders van hulle "education" beroof is.

Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

2.21 Wanneer Poppie vir Jakkie konfronteer oor alles wat hulle gedurende die opstande doen, sê Jakkie dat hulle nie slegte dinge doen nie.

Hoekom dink jy, is dit wat Jakkie sê, nie heeltemal waar nie? Noem TWEE redes. (2)

2.22 Wat is, volgens Jakkie, die rede waarom die grootmense nie saam met hulle teen die wet baklei nie? (1)

2.23 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (2.23.1–2.23.2) en die antwoord neer.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Nomvula; | Thandi; | Bonsile; | Nyanga; | Basoetoland; | Swaziland |

Poppie was baie bly dat haar kinders nie in die Kaap was nie en dus nie by die opstande betrokke was nie. Jakkie veroorsaak tog dat haar kinders by hierdie opstande betrokke raak omdat hy (2.23.1) … se hulp vra om na (2.23.2) … te vlug nadat hy die polisieman geskiet het. (2)

**[35]**

**OF**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

### *PALJAS* – Chris Barnard

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> KATRIEN (*ná nog 'n rukkie, amper onhoorbaar*): Dink jy hy't die goed gehoor wat ek vir jou gesê het?
> HENDRIK: Ek weet nie. (*Hy staan op en gaan staan in die oop agterdeur.*) Hy kan tog nie sommer so van die aardbodem af wegraak nie. (*Hy kom weer terug, maar staan besluiteloos in die middel van die vertrek.*) Wil jy nie maar gaan lê nie? (*Sy skud haar kop.*) Dis al oor twee.
> KATRIEN: Ek sal tog nie slaap nie.
> HENDRIK (*gaan staan weer in die agterdeur*): Die … goed wat jy gesê het vandag … (*Sy rug is na haar toe. Hy kry dit nie gevra nie. Sy sit en wag.*) … Jy't dit seker als gebedoel.
> KATRIEN: Seker nie als nie.
> HENDRIK: Watter het jy gebedoel?
> KATRIEN (*nadat sy lank met haarself gespook het*): Seker maar niks …

3.1 Wat is die "goed" waarvan Katrien in reël 1 praat? Noem TWEE. (2)

3.2 Wat het gebeur dat Katrien so kwaad was en hierdie goed vir Hendrik gesê het? Noem TWEE redes. (2)

3.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (3.3) en die letter (A–D) neer, bv. 3.3 E.

Willem het van die aardbodem af weggeraak (Reël 4), beteken …

A dat die bodem van die aarde weggeraak het.
B dat Willem nie op die aarde is nie.
C dat Willem êrens op die aarde is.
D dat Willem weggeraak het. (1)

3.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (3.4) en die letter (A–D) neer, bv. 3.4 E.

In reël 13 “spook” Katrien met haarself. Dit beteken dat Katrien …

A spoke sien.
B die spoke se hulp vra.
C met haarself worstel.
D met haarself vrede maak. (1)

3.5 Hoekom sit Hendrik en Katrien so laat in die nag in die kombuis en gesels? (1)

3.6 Watter plan maak Hendrik om hierdie probleem waaroor hulle gesels, op te los? (1)

3.7 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (3.7.1–3.7.4) en die antwoord neer.

| |
|---|
| ontsteld; kwaad; Oudokter; rusie; balle; vrolik; Manuel; baklei; Emma; toertjies |

Willem was baie (3.7.1) … toe hy sien hoe sy ma en pa (3.7.2) … Hy het eers probeer (3.7.3) … doen om sy aandag af te trek, maar later het hy besluit om na (3.7.4) … toe te gaan. (4)

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

KATRIEN (*draai om en mik vir die middeldeur*): Nag, almal.

HENDRIK: Nee, Katrina. Waar gaan jy?

KATRIEN: Ek gaan slaap.

HENDRIK: Nee.

KATRIEN: Wat dan?

HENDRIK: Ons … kry ons skoon. Ons – Nollie, sit op vir ons ‘n plaat. Ons was ons en ons trek ons aan en – Emma, loop maak jou mooi. Ons sal iets uitdink. Ons gaan nie slaap nie. Ons sal iets uitdink.

EMMA: … Ek moet wat doen?

HENDRIK: Jy’t gehoor wat ek gesê het.

EMMA (*ontsteld*): Ek moet my loop mooimaak? Om te wat? (*Sy is skielik yskoud en woedend.*) Om te wat?

HENDRIK: Ons gaan net aan, Emma; ons maak of niks gebeur het nie.

3.8 In die bostaande gedeelte kom hulle net van ‘n dans af. Watter dans was dit? (1)

3.9 Hoekom word die dans só genoem? (1)

3.10 Noem een karaktereienskap van Hendrik wat jy in die bostaande gedeelte opmerk. (1)

3.11 Hoe sou jy gereageer het as jy in Hendrik se situasie was? (1)

3.12 Hoekom moet hulle hulself gaan "skoon" maak? (1)

3.13 Hoekom is Emma so ontsteld oor die voorstel van haar pa dat hulle hulself moet gaan skoonmaak? (2)

3.14 Wat is Emma se voorstel oor wat hulle moet doen? (1)

3.15 Dink jy dat Emma se optrede daarop dui dat sy nie respek vir haar pa het nie?

Antwoord JA of NEE en motiveer jou antwoord. (1)

3.16 Manuel probeer hierdie situasie beter maak en begin toertjies doen om hulle aandag af te lei.

Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. Gee EEN bewys uit die drama. (1)

3.17 Hoekom dink jy is hierdie gesin deur die gemeenskap verwerp? (1)

3.18 Die gesin was tot 'n sekere mate self verantwoordelik vir die houding van die gemeenskap teenoor hulle.

Motiveer waarom hierdie stelling WAAR is. Gee EEN bewys uit die drama. (1)

3.19 Wat is die eerste ding wat Hendrik doen om die verhouding tussen hulle en die gemeenskap te verbeter? (1)

3.20 Verduidelik die uitwerking van Manuel se paljas op die lewens van ...

3.20.1 Emma. (1)

3.20.2 Willem. (1)

3.20.3 Hendrik. (1)

3.21 Kies elke keer 'n karakter uit KOLOM B wat by die inligting in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (3.21.1–3.21.4) en die letter (A–E) neer, bv. 3.21.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|
| 3.21.1 | ... het 'n positiewe invloed op die gesin. | A Nollie |
| 3.21.2 | ... kan glad nie sy omstandighede hanteer nie. | B Manuel |
| 3.21.3 | ... daar word leuens vertel oor dit wat hy gesê het. | C Oudokter<br>D Frans |
| 3.21.4 | ... verdedig die gesin as daar leuens vertel word. | E Willem |

(4 x 1)(4)

3.22 Plaas die volgende gebeure in die KORREKTE volgorde, soos wat dit in die drama plaasvind. Skryf net die vraagnommer en die letters in die regte volgorde neer. Skryf al DRIE letters (A–C) neer.

A Manuel word geskiet.
B Hendrik neem vir Willem na Oudokter toe.
C Willem praat weer vir die eerste keer. (3)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

**OF**

**BEANTWOORD DIE VRAE OOR ALTWEE DIE KORTVERHALE.**

***STORIEJOERNAAL***

**AFDELING C: KORTVERHALE**

**VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG**

**BABY – Dido E.K.M**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

"Ek en haar ma het juis besluit dat ons haar by 'n spesialis in Oos-Londen moet kry as ek terug is daar met my shows. Wat sê Daddy se poplap?" Hy gee haar skouer weer 'n stywe druk, maar sonder om na haar te kyk.

Ek sien hoe Ma frons. Dit lyk dan vir my of daar trane by Baby se wange afloop.

Sersant is weg met die belofte aan oom Attie dat hy almal in die bodorp van die Vrydag en Saterdag se vertoning sal sê. Hy sal ook die saal probeer kry.

Ma en antie Queenie is die bult op om die twee enkelbeddens in ouma Stienie se voorhuis te gaan opmaak. My hart brand om met Baby maats te wees, sodat ek darem agterna kan spog dat ek 'n nuwe maat uit die stad bygekry het. Maar haar pa se arm bly om haar skouer. Later vra sy haar pa om toilet toe gaan. Hy kyk na die gordyn wat die slaapkamer van die voorhuis skei, en Pa sê vir hom dat die puttoilet buite op die werf is. Haar pa haal sy hand traag van haar skouer af toe sy opstaan, en sê: "Onthou jou pilletjies as jy terugkom, Sugar."

Eers toe ek en Baby oor die werf na die toilet toe stap, sien ek hoe sy haar heupe met elke stap rondswaai. Tot groot vermaak van al die kinders wat op ons werf saamdrom. By die toilet gaan ek saam met haar in, soos ek altyd met my maats maak. Dis ook maar goed, want ons is skaars binne, toe begin Baby snot en trane te huil.

4.1 Waarom wil oom Attie vir Baby na 'n spesialis in Oos-Londen neem? (1)

4.2 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (4.2) en die antwoord neer.

Oom Attie se optrede in paragraaf 1 is (liefdevol/sarkasties/ironies/simpatiek) omdat hy Baby se skouer 'n stywe druk gee, maar nie eers na haar kyk nie. (1)

4.3 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Die eerstepersoonsverteller is die verhaal is ...

A Nooi.
B 'n alomteenwoordige karakter.
C Baby.
D Ma. (1)

4.4 Watter tipe "shows" hou oom Attie? (Reël 2) (1)

4.5 Ma is suspisieus oor die verhouding tussen oom Attie en Baby.

Bewys dat die stelling WAAR is deur EEN SIN uit die uittreksel aan te haal. (1)

4.6 Noem EEN verskil wat die verteller tussen Sersant De Wit en die ander inwoners van die bodorp opmerk. (1)

4.7 Oom Attie en Baby is na Oos-Londen op pad. Waarom is hulle dan nou in die tweevertrek-platdakhuisie in Nqamakwe? (1)

4.8 Gee 'n bewys uit die leesstuk dat die inwoners van Nqamakwe gasvry teenoor vreemdelinge is. (1)

4.9 Baby is 'n hulpelose slagoffer.

Stem jy saam met hierdie stelling? Antwoord JA of NEE en motiveer jou antwoord duidelik. (1)

4.10 Baby begin snot en trane huil (Reëls 19–20) en sê aan Nooi: "Ek wil huis toe gaan."

Hoe sou jy op hierdie gedrag en woorde van Baby reageer? (1)

4.11 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (4.11.1– 4.11.4) en die antwoord neer.

| geld; ontvoer; minderjarige; volwasse; Claudine; Tinkie; dwelms; vervoer |
|---|

Oom Attie is gearresteer, want hy het aan (4.11.1) ..., 'n (4.11.2) ... persoon, (4.11.3) ... verskaf en hy het haar ook (4.11.4) ... (4)

4.12 Kies elke keer die beskrywing uit KOLOM B wat by die karakters in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (4.12.1–4.12.4) en die letter (A–E) neer, bv. 4.12.5 F

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 4.12.1 | Sersant se vrou | A | Sê "Ma" met 'n Pretoriase aksent |
| 4.12.2 | Andrew Barnard | B | Maak vriende om verkeerde redes |
| 4.12.3 | Claudine Grootboom | C | Skaterlag na elke sin |
| | | D | Hierdie karakter los die misdaad op |
| 4.12.4 | Nooi | E | Karakter wat nie kuiergaste uit blikbekers wil laat drink nie |

(4 x 1)(4)
**[18]**

**EN**

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

## DIE STORIE VAN PIET SE OUPA – Abraham H. De Vries

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> "Die bestuurdermannetjie het my net een kyk gegee en sy mond het oopgegaan, maar hy was aan die hol voor hy 'n woord kon uitkry."
>
> Daar is nie 'n toets wat die dokters in daardie hospitaal daardie agtermiddag nie op Oupa uitgevoer het nie. Hulle knie vir hom soos brooddeeg en hy dog hulle tap hom dolleeg. Maar niks. Daar was met hom minder verkeerd as niks. Vieruur die agtermiddag toe vra hulle vir hom wat is Doon en Trudie se telefoonnommer.
>
> Oupa sê hy sit by die dokter in die spreekkamer toe die man vir Trudie sê: "Mevrou, ek bel om te sê u moet asseblief u oupa kom haal ..."
>
> Trudie nog ewe: "Dokter, Pa-hulle bring sy kis saam wat in die waenhuis gestaan het. Hulle is seker al met die bakkie daar weg."
>
> En die dokter wat sê: "Mevrou, ek weet nie hoe om dit vir jou te sê nie, maar jou oupa is nie dood soos ons gedink het nie, hier oorkant die tafel sit hy. Hy makeer niks."
>
> Toe is daar aan die anderkant net 'n lang stilte voor hy Trudie vir Doon hoor sê: "Vat jy gou die telefoon en luister wat die man wil sê, hy maak of hy 'n dokter is."
>
> Wat hom van daardie middag die langste sal bybly, sê Oupa, is hoe hulle in Doon se motor sit en Trudie vra: "Doon, wat is dit wat so gor?"

5.1 Die ambulansbestuurder het weggehardloop toe hy vir Oupa gesien het.

Hoe het die ander "ambulansmannetjie" gereageer toe hy in Oupa se gesig vasgekyk het? (1)

5.2 Wat is die verwantskap tussen Piet Wessie en Trudie? (1)

5.3 Haal die SIN aan wat vir jou sê dat Trudie doodseker was dat Oupa dood was. (1)

5.4 "Mevrou, ek weet nie hoe om dit vir jou te sê nie, maar jou oupa is nie dood soos ons gedink het nie, hier oorkant die tafel sit hy. Hy makeer niks." (Reëls 12–14)

5.4.1 Noem EEN moontlike rede vir Oupa se hartaanval. (1)

5.4.2 Verduidelik kortliks hoe Oupa weer "lewendig" geword het. (1)

5.4.3 Waarom kon Trudie met Oupa se "dood" in die restaurant so goed kophou? (1)

5.5 "Doon, wat is dit was so gor?" (Reël 19)

5.5.1 Waardeur is die "gor"-geluid veroorsaak? (1)

5.5.2 Watter plan het Trudie gehad om die "gor" te laat stop? (1)

5.6 Doon en Oupa het een keer per jaar saam gekuier. Watter een van die volgende het hulle NIE tydens hul jaarlikse kuiers gedoen nie?

A Hulle het rolbal gaan speel in Calitzdorp.
B Hulle het kamma na 'n klein plasie by Tulbagh gaan kyk.
C Hulle was by 'n veeveiling op Ceres.
D Hulle het die nuwe wyn by die kelder tussen Worcester en Rawsonville gaan proe. (1)

5.7 Oupa en Doon was nie "werfhonde" nie.

Motiveer waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

5.8 Rangskik die volgende gebeure in die verhaal in die KORREKTE volgorde. Skryf net die vraagnommer en die letters in die regte volgorde neer. Skryf al VIER die letters (A–D) neer.

A Die oumatjie wat Oupa se toom is, sterf aan 'n skielike aanval.
B Oupa gaan eet 'n mixed grill saam met Trudie en Doon.
C Oupa kuier Woensdagaande by die weduwee in die tehuis.
D Oupa vier sy tagtigste verjaardag op die plaas. (4)

5.9 Oupa is 'n goeie rolmodel vir jongmense.

Stem jy saam met hierdie stelling? Antwoord JA of NEE en motiveer jou antwoord. (1)

5.10 Gee TWEE voorbeelde van hoe die taalgebruik in die verhaal by die plattelandse ruimte aansluit. (2)
**[17]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

**OF**

## AFDELING D: GEDIGTE

### *VERSJOERNAAL*

**BEANTWOORD VRAAG 6 EN VRAAG 7.**

### VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die volgende gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Things that go bump in the night – Rosa Keet**

jy los my alleen
in 'n huis vol geluide
en hoe minder ek probeer luister
hoe harder klink die klank
van 'n onbekende voetstap
op die donker trap
bang vaak verdwaal ek laat
in die gange op soek
na slaap
wat om elke naghoek verdwyn
ek skrik
vir die naaldekokerstraatlig
deur skaars bewegende blare
jou jas aan die kapstok
is 'n man sonder bene
ek is bang
vir die stofsuierslang
op die vloer van die spens
en tot jy terugkom
sleep ek my vlees
soos 'n kis agter my aan

[Uit: *Hystera,* 1974]

6.1 Waarom kan jy hierdie gedig as 'n voorbeeld van intertekstualiteit beskou? (1)

6.2 Verduidelik die titel van die gedig. (1)

6.3 Die gedig, "Things that go bump in the night", is 'n vrye vers.

Motiveer waarom hierdie stelling WAAR is, deur EEN rede te verskaf. (1)

6.4 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (6.4) en die antwoord neer.

Die "jy" in die gedig is 'n persoon op wie die spreker gewoonlik kan reken vir (beskerming/eerlikheid). (1)

6.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (6.5) en die letter (A–D) neer, bv. 6.5 E.

Die geluide in die huis word al hoe harder omdat …

A die huis baie stil in die aand is.
B die persoon baie bang is.
C die persoon konsentreer om dit juis nie te hoor nie.
D daar iemand anders in die huis is wat die persoon nie ken nie. (1)

6.6 Verduidelik die ironie wat daar in versreëls 7 tot 9 voorkom. (2)

6.7 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder.

Skryf slegs die vraagnommer (6.7.1–6.7.2) en die antwoord neer.

| alleenheid; angs; opgewondenheid; spanning; desperaatheid |
|---|

Versreël 11, wat net uit twee woorde bestaan, beklemtoon die spreker se (6.7.1) … en die kort versreël bou ook (6.7.2) … in die gedig. (2)

6.8 Haal TWEE OPEENVOLGENDE woorde uit die gedig aan wat wys dat die wind nie vreeslik gewaai het nie. (1)

6.9 Gee EEN woord uit die gedig wat dieselfde beteken as "liggaam". (1)

6.10 Halfrym kom in versreël 4 voor.

6.10.1 Benoem die halfrym. (1)

6.10.2 Wat, is volgens jou, die funksie van die halfrym in hierdie reël? (1)

6.11 Kies elke keer 'n woord uit KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (6.11.1–6.11.4) en die letter (A–E) neer, bv. 6.11.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.11.1 | "bang vaak verdwaal ek laat" (versreël 7) | A | metafoor |
| 6.11.2 | "slaap<br>wat om elke naghoek verdwyn" (versreëls 9–10) | B | klanknabootsing |
| 6.11.3 | "jou jas aan die kapstok<br>is 'n man sonder bene" (versreëls 14–15) | C | vergelyking |
| 6.11.4 | "sleep ek my vlees<br>soos 'n kis" (versreëls 20–21) | D | personifikasie |
| | | E | halfrym |

(4 x 1)(4)

6.12 Hoe sal jy die situasie waarin die spreker hom/haar bevind, hanteer? (1)
**[18]**

**EN**

## VRAAG 7: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die volgende gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg

**Woorde – Vincent Oliphant**

my woorde het nie die krag
om bose magte tot 'n val te bring nie
my woorde kan bloot sing

my woorde is nie 'n dak
om onder te skuil nie
my woorde is swak

my woorde kan nie keer
dat ons die kromme note haal nie
my woorde is kaal

glo tog
my woorde het nie die byt
van koeëls en grofgeskut nie
nee
my woorde kan bloot bid
en pleit
en wens
medeburgers van die lewe
dat ons van grense sal vergeet
en bloot mens sal wees
en medemens

7.1 Watter eienskap moet woorde hê om bose magte tot 'n val te bring? Skryf EEN woord uit strofe 1 neer. (1)

7.2 Wat gebeur met 'n bose mag as dit "tot 'n val" gebring word? (versreël 2) (1)

7.3 Soek telkens EEN woord uit strofe 2 om die onderstaande gedeelte mee te voltooi. Skryf net die nommer (7.3.1–7.3.2) en die KORREKTE woord neer.

Woorde kan jou nie altyd beskerm nie, want woorde is soms te (7.3.1) ... om 'n (7.3.2) ... te wees. (2)

7.4 Kies die KORREKTE antwoord.

Watter een van die volgende is NIE 'n ooreenkoms tussen strofes 1–3 NIE?

A Daar word gefokus op die dinge wat woorde nie kan doen nie.
B Elke strofe eindig met 'n eienskap van die spreker se woorde.
C Die strofes is in koepletvorm geskryf.
D Gebroke rym kom voor. (1)

7.5 Haal die versreël in die gedig aan wat 'n smekende toon het. (1)

7.6 Waarom kan die spreker nie sy woorde gebruik om oorlog mee te maak nie? Skryf slegs VIER OPEENVOLGENDE WOORDE neer. (1)

7.7 Waarom kan koeëls en grofgeskut mense "byt"? (versreël 11–12) (1)

7.8 Wat wys vir jou dat die woord "nee" in versreël 13 'n belangrike woord is? (1)

7.9 Halfrym word in versreël 14 gebruik.

Motiveer waarom hierdie stelling WAAR is, deur die halfrym aan te toon. (1)

7.10 Kies die KORREKTE woord tussen hakies.

Die woord "bloot" in versreëls 14 kan met (amper/slegs) vervang word. (1)

7.11 Dink jy "bid", "pleit" en "wens" is goeie eienskappe van woorde? Antwoord JA of NEE en motiveer jou antwoord. (1)

7.12 Kies die KORREKTE antwoord.

Die woorde in die gedig wat deur middel van polisindeton beklemtoon word, is ...

A dak, skuil, swak
B bid, pleit, wens
C pleit, wens, medeburgers
D sing, swak, kaal (1)

7.13 Noem 'n negatiewe gevolg wat "grense" (versreël 18) op mense se verhoudings kan hê. (1)

7.14 Voltooi die volgende sin. Kies die KORREKTE antwoord uit die opsies hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (7.14) en die antwoord neer.

| "glo tog"; "medeburgers van die lewe"; "my woorde" |
|---|

Die woorde ... maak die gedig baie persoonlik. (1)

7.15. Stem jy saam met die spreker dat woorde die beste manier is om probleme tussen mense op te los? Antwoord JA of NEE en motiveer jou antwoord. (1)

7.16 Twee van jou "medeburgers van die lewe" baklei (versreël 17). Wat sal jy vir hulle sê om vrede tussen hulle moontlik te maak? Skryf jou direkte woorde in EEN SIN neer. (1)

**[17]**

**TOTAAL AFDELING D:35**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou